

**5 September**    **Matteus 13:24-30; 36-43; Lukas 9:51-56; (Teks: 13:24-30 Klem op 28b-30)**

***Laat die onkruid voorlopig saam met die koring groei!***

In hierdie Koninkryksgelykenis wil Jesus alle valse optimisme ten opsigte van die Koninkryk van die hemele afweer. Daar is naamlik mense wat redeneer dat die burgerskap van die Koninkryk 'n baie vredige aangeleentheid is. Jesus het immers reeds die duiwel en die dood oorwin. En al wat ons nou te doen staan is om te wag vir die voleinding.

Teenoor hierdie valse voorstelling stel Jesus dit in sy gelykenis duidelik: Selfs al is dit ook so dat die oorwinning deur Jesus behaal is, sal die volle openbaring daarvan eers by die voleinding aan die lig kom. Daarom is daar in die huidige bedeling geen plek vir valse gerustheid en 'n passiewe toeskouermentaliteit nie. Die waarheid is dat daar 'n bose mag aan die werk is wat die oes vir God probeer bederf. Die slawe van die boer maak naamlik die ontstellende ontdekking dat 'n vyandige mag in die nag heimlik onkruidsaad tussen die goeie koring gesaai het. Die slawe wil onmiddellik oortyd werk om die onkruid uit te roei - net soos ons ook meermale bereid is om oortyd te werk om die aarde "skoon te maak" van die menslike "onkruid" wat met arrogansie op ons Vader se akker teer sonder om enige spoor van bekering te vertoon! Jesus laat egter hierdie revolusionêre en oorhaastige optrede nie toe nie. Die onkruid moet tot by die oes rustig saam met die koring groei. Eers dan sal die engele die onkruid insamel en verbrand voordat die koring in die Koning se skuurbyeengebring sal word. Waarom verbied Jesus alle vorme van revolusionêre optrede?

In die eerste plek pas hierdie optrede eenvoudig nie by die burgers van God se Koninkryk nie. Ons leef immers almal van genade alleen!

Die Seun van die mens het nie gekom om die mense se lewe te verderf nie, maar te red (vgl. Lukas 9:51-56).

Die derde rede is dat ons - net soos die slawe van Jesus se gelykenis - nie altyd met sekerheid kan onderskei tussen koring en onkruid nie.

Feit is: Wanneer Jesus uiteindelik kom om oes in te samel, sal niemand kan sê dat Hy oorhaastig was of te min tyd vir bekering toegelaat het nie!

Sing: Psalm 34:6

Ds. J.J. Cloete (Koster)